VBO KREDIETE: HOE WERK DIT?

1. SENTRALE VBO DATABASIS

Die VBO forum het in 2018 besluit om in samewerking met ATPS (algemene sinode se taakspan predikantesake) 'n geïntegreerde databasis vir die leraars en gemeentes van die NG Kerk te ontwikkel. Die puntestelsel sal in die toekoms as **VBO punte** bekendstaan (nie CPD-punte soos verkeerdelik in die verlede genoem nie).
Die VBO rekords van die CPD databasis is ingetrek in die databasis. Die opsie om voort te gaan met registrasie by CPD was net tot einde Mei 2019 – daarna word alle VBO punte op die nuwe databasis geregistreer en toegeken.

Die predikant in sinodale diens is deur taakspan predikantesake aangewys om as sinodale administrateur magtiging te kry om VBO data van die sinode in Noord-Kaapland te hanteer.

2. PREDIKANTE / KURSUSGANGERS

Om die eerste keer toegang te kry tot jou profiel, gaan na https://ngkerkdata.co.za/punte.
Hierdie skerm sal dan verskyn:

Die predikant tik sy/haar e-posadres in en klik op ***Stuur skakel***



As gevolg van die groot migrasie, mag die stelsel dalk nog nie die predikant se nuutste e-pos hê nie. In die geval, kontak jou kursus administrateur of ABR om te help.
Hy/sy kry nou as e-pos 'n **permanente** skakel/"link"/URL wat altyd na sy/haar profiel gaan – stoor/"save/bookmark" dit bv. as ***VBOpunte***.
Die e-pos lyk so:



Op die profiel blad is daar ’n teksveld waar ’n kursus kode ingevul kan word om punte aan te meld:



3. VERSLAE AAN RINGE EN GEMEENTES

Dit word aanbeveel dat die punte jaarliks op ringsvlak hanteer sal word.
Die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuing het op 5-6 November 2018 die volgende besluit geneem:

Die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuing besluit om onderstaande by die taakspan beplanning en begroting aan te beveel:

1. *Die lede verstaan dat die sinode in Noord-Kaapland tevrede is daarmee dat daar ’n liggaam geskep is wat predikante-aangeleenthede soos beskryf in Agenda Algemene Sinode 2015, behartig.*

   Moderamen Bylaag 3
   Beskrywingspunt Noord-Kaapland Algemene Sinode 2013 en die betaling van jaarlikse registrasiegeld aan die algemene bevoegdheidsraad (ABR) deur Bedienaars van die Woord, bladsy 325

   4. Die verteenwoordigers van Noord-Kaapland is tevrede dat
   4.1 bevoegdheid om as bedienaar van die Woord beroep te word (legitimasie), deur die Algemene Sinode verleen of ontneem kan word slegs op aanbeveling van kuratoria en ringe (vgl Artikel 7 van die Kerkorde);
   4.2 ’n register van gelegitimeerdes deur ’n gevolmagtigde liggaam namens die Algemene Sinode geadministreer word, in oorleg met sinodes, ringe en kerkrade;
   4.3 die Algemene Sinode sekere take of funksies vir die kerkverband verrig met betrekking tot die beroepbaarheid van gelegitimeerdes, omrede die ander kerkvergaderinge dit nie self kan doen nie. Tot dié take of funksies hoort:
   4.3.1 die hou van ’n behoorlike register van gelegitimeerdes;
   4.3.2 sertifisering van legitimasie, in oorleg met sinodes, ringe en kerkrade, waar dit verlang word;
   4.3.3 formulering van beleid oor die verlening, behoud, opskorting en beëindiging van legitimasie;
   4.3.4 behartiging van legitimasiegeleenthede;
   4.3.5 verskaffing van die korrekte inligting vir die samestelling van die Jaarboek betreffende gelegitimeerdes wat nie as bedienaars van die Woord in diens van gemeentes of die kerkverband staan nie;
   4.3.6 verskaffing van die verlangde advies by aansoeke om herstel van legitimasie;
   4.3.7 die toestaan van die behoud van legitimasie, op aanbeveling van die ring en die kerkraad, aan persone wat ingevolge Artikel 11, óf ingevolge Artikel 12.7.2 en 12.7.3 óf ingevolge die Reglement vir Vaste Termynposte óf ingevolge die verplasing van eggenote demissie wil ontvang;
   4.3.8 administrasie van die bevinding van tug- en appèlsake wanneer dit die behoud, opskorting of beëindiging van legitimasie raak;
   4.3.9 administrasie van VBO-krediete van gelegitimeerdes wat nie as bedienaars van die Woord in diens van gemeentes of die kerkverband is nie en waarvan die administrasie nie deur een van die kuratoria behartig kan word nie;
   4.3.10 dien as professionele liggaam vir pastorale beraders.
2. *Die lede verstaan verder dat die beginsel ook by die Algemene Sinode aanvaar is dat die predikante nie vir die betaling van hierdie liggaam verantwoordelik moet wees nie, omdat dit die kerkrade is wat die voordeel van die sisteem geniet. Dit moet dus eerder die kerkrade wees wat die jaarlikse betaling moet doen.*
3. *Ons versoek dat die Algemene Sinode hierdie saak sal afhandel en streeksinodes en predikante so spoedig moontlik sal inlig oor die finale reëling.*

4. AANTAL VBO KREDIETE BENODIG NA FORMELE STUDIE

Die VBO verpligtinge van die onderskeie kategorieë van leraars is soos volg:

Data (ds. Status)	ABR1	ABR2	Kort naam	Beskrywing	VBO
1	A	01	Predikant	Predikant voltyds gekoppel aan gemeente (eerste 3 jaar van bediening 100 punte)	50
2	A	02	Tentmaker	Tentmaker gekoppel aan gemeente	30
3	A	03	Termynleraar	Termynleraar	50
4	A	04	Kapelaan	Voltydse kapelaan	50
5	A	05	Dosent (Kweekskool)	Teologiese fakulteit by NG Kerk	50
6	A	06	Dosent (ander teologiese betrekking)	Dosente ander	50
7	A	07	Kerklike betrekking	Persoon met volle ampsbevoegdheid in ander betrekking, bv. Bybelgenoot-skap / Kinderhuise / Sinodale poste	50
9	A	09	Predikant Beroepbaar	Predikante nie diens van spesifieke gemeente – Beroepbaar	50
10	B	01	Proponent	Proponent (in voltydse kerklike betrekking)	100
11	B	02	Proponent	Proponent (in deeltydse kerklike betrekking)	50
12	B	03	Proponent	Proponent (in geen kerklike betrekking nie)	30
14	C	01	Emeritus	Emeritus werksaam in gemeente as pastorale hulp	30
15	C	02	Emeritus	Emeritus nie gekoppel of werksaam in gemeente – met ampsbevoegdheid	0
16	D	01	Standplaasleraars	Beroepbaar na gemeentes in die area van hulle opleiding (kategorie)	50
17	E	01	Uitgetree	Persone wat deur die NG Kerk gelegitimeer is, maar uitgetree het met verlies van bevoegdheid of in diens van ander kerke getree het.	0
18	E	02	VGK Predikant		0
19	F	01	Oorlede		0
18	V	01	VGK Predikant		0
19	D	02	Diensleraars – toegespitse bediening	Bv. Jeug, ens.	50
20	D	03	Bedienaars		30

5. OPSOMMING VAN MANIERE WAARVOLGENS ERKENNING VIR DEELNAME AAN VBO VERLEEN WORD (OM KREDIETE TE VERKRY) (PER JAAR) SOOS GOEDGEKEUR BY VBO-FORUM GEDURENDE 5-6 MAART 2018

Tipe VBO	**Aantal krediete** **(bereken teen aantal ure van deelname aan tipe VBO – Riglyn: 1 punt per 1 uur aktiewe leer)**
A: **Kursusse/Konferensies** by VBO diens-verskaffers.	Toerustingsgeleenthede, bv. 30 punte vir ’n drie-dag kursus).
B: **Sinodale konferensies / eendag kursusse/** werkswinkels by Algemene Sinode se VBO diensverskaffers.	10
C: **Vol VBO** geakkrediteerde Kursusse deur ander instansies aangebied. (D.w.s. kursusse wat nie deur die NG Kerk self ontwikkel word nie. Instansies kan vir akkreditering aansoek doen. Na akkreditering word so ’n kursus deel van die totale aanbod vir VBO).	30, afhangende van lengte en samestelling van kursus.
D: **Mentoraat** Kwalitatief is die riglyn 10 uur per jaar in mentor verhouding binne die ontwikkeling van geakkrediteerde mentors. (Geld vir mentor en mentee)	10
E: **Verdere Studie** (akademies) Krediete word toegereken op datum van graduering, terugwerkend, met indien van ’n afskrif van die sertifikaat.	• 100% vir Navorsings Magister oor 2 jaar (**100** punte) EN • 3 jaar vir ’n bedienings/praktyk gerigte M (“*Course work Masters*”) (**150** punte) EN • 100% vir Doktoraal oor 4 jaar (**200** punte).
F: **Aanbieding** van Teologiese Fakulteit- en VBO-Kursusse asook van die Predikantebegeleiding-sentrum (op versoek van VBO Forum of voorgelê en landwyd aanvaar).	Dieselfde as vir die wat die kursusse deurloop (eenkeer per jaar vir maksimum van drie jaar van toepassing; leier moet ook aan ander deelneem).
G: **Peer-review** (eweknie beoordeelde) Artikels/ Studiestukke vir kerklike kommissie/ Bywoning en deelname aan Akademiese Vak Werkgemeenskappe	20
H: **Ring, Sinodale kursusse/werkswinkels** en seminare OF dien op ringskommissie (deur ringsvoorsitter aangevra) OF ’n Studiestuk (ekwivalent van ’n artikel van ongeveer 6000 woorde) vir ’n sinode.	10

I: **Selfstudie** Die bestudering van Teologiese Boeke en Artikels; Met die indien van ’n opsomming van 2 p (±800 woorde).	10 per boek, en 5 per akademiese artikel. Met die indien van ’n opsomming van 2 p (±800 woorde) met volle verwysings, word op webblad onder resensies geplaas.
J: **Retraites** Dieselfde punte as vir VBO kursus	10 per dag
K: **Sabbatsretraites (D.w.s. 30 dae)** Indien dit ingerig is as leer- selfsorg of selfontwikkelingsgeleentheid. Bv. Pelgrimstap.	50 met indien van verslag aan VBO-kantoor wat benut kan word bv. om op webblad te plaas.
L: **Selfsorg/Selfontwikkeling** Bv. Skilderlesse, oefenprogram wat 30,000+ Vitality-punte verdien, e.d.m.	10 per jaar Dien aanvraag met nodige bewyse in.
M: **Navorsings/Studie/ondersteuningsgroepe** Wat gereeld bymekaarkom en waar boeke bespreek of deurgewerk word.	Soos met bywoning van kursusse, d.w.s. 1 punt per 1 uur aktiewe leer.
N: **Skryf van Geestelike/Bedieningsverwante boeke**	30 per boek
O: **Skryf van artikels** vir kerklike of geestelike tydskrifte.	< 1000 woorde = 2 > 1000 woorde 5
P: Ontwerp en skryf van kursusse: Dubbele aantal krediete as vir diegene wat die kursusse deurloop (**kursus ontwerp/skryf vra baie meer navorsing/leer)**	**1-dagkursus 20** **2-dag 40 vir ontwerp** **3-dagkursus kry ontwerper 60 punte**
Q: “Streaming” van kursusse/konferensies Kursus/konferensie word lewendig óf in klankgrepe beskikbaar gestel. Kan inluister of dit aflaai en op eie tyd luister.	Met indien van ’n kort verslag aan VBO-kantoor van wat jy uit elke snit geleer het, word punte toegeken volgens puntetoekenning van oorspronklike kursus.
R: Enige blootstelling /refleksie wat ’n leergeleentheid was.	Met die indien van ’n verslag kan 10 punte verdien word indien daar meriete blyk te wees.